MAAK VAN JOU BYBELSTUDIE 'N FEES!

BEGIN BY JOU EIE STILTETYD

Wat maak 'n Christen anders?
Die pad na oorwinning soos beskryf in 1 Korintiërs **R19,95**

Voëlvlug oor die Nuwe Testament
'n Gids in dagboekvorm oor die Nuwe Testament **R19,95**

Vrou-wees met vreugde
Om elke vrou te help om God en haar naaste met vreugde te dien **R16,90**

DIE VREUGDE VAN BYBELSTUDIE IN GROEPE

Wenners gee nie op nie
Die nuutste in die gewilde "Daar en dan"-reeks vir onvoorbereide Bybelstudie in groepe — oor 2 Timoteus **R6,90**

Gawes van die Gees
Stel vas watter gawes die Here vir jou gegee het en hoe jy dit kan gebruik **R6,55**

Vraag en antwoord
Hoe jy die Bybel reg kan gebruik as jy antwoorde op jou vrae soek **R6,50**

Naby Jesus
'n Splinternuwe gids vir nadenke oor die Bybel met klem op 'n persoonlike verhouding met God **R6,55**

SINVOLLE BYBELSTUDIE ...

...VIR LAERSKOOLKINDERS

Wat jy van grootword wil weet
Die "feite van die lewe" word met begrip en deernis aan die jong kind oorgedra **R6,90**

...VIR ALMAL WAT IN SPORT BELANGSTEL

Victor Ludorum
Tien weke se persoonlike en tien weke se groepbybelstudie **R8,80**

BYBELKOR
Posbus 5
Wellington
7655

BYBELKOR

Paarl Drukpers

ATLETE VIR CHRISTUS

ATLETE VIR CHRISTUS • N.G. KERK •

1991

ONS HARDLOOP, SING EN GESELS CHRISTUS

ATLETE VIR CHRISTUS

Ons is 'n groep van 23 Stellenbosse studente wat vanjaar vir die sewentiende keer toer sedert die ontstaan van die groep in 1975.

Ons doel is tweeledig:

- Om Jesus Christus te verheerlik, soos dit ook in ons leuse vervat is:
  "Ons hardloop, sing en gesels Christus"

- Om R50 000 in te samel vir Bybelkor se sendingwerk onder die gevangenes.

Die groep is saamgestel uit 9 atlete, 'n sanggroep van 9 lede, 1 afrigster, 4 persoonlike werksters en die toerouers. Deur die dag hardloop die atlete, op 'n aflosbasis, tussen twee dorpe. Die aand op die oornagdorp tree die sanggroep op. Die program bestaan uit ligte gewyde sang, asook getuienisse deur sekere groeplede. Ons toerpa lewer 'n kort boodskap en daar word ook ruim tyd ingeruim vir groeps- en persoonlike gesprekke.

Mag die Here tot u spreek deur ons optrede.

TOERLEIERS

*Vanjaar is ons toerleiers **Jan Slabbert** en **Cecilia de la Bat**. Jan, 'n atleet, kom van Wellington en hy is besig met sy B. Rek. Hons.-graad. Cecilia, 'n alt in die sanggroep, kom van die Paarl en sy is 'n finale jaar student in die graad BA Bedryfsielkunde.*

TOERPA

*Ons toerpa vanjaar is **Ds. Pierre Marais** van Greyton. Saam met hom is vroutjie **Mona** en baba **Stefaan** (15 mde.)*

SANGGROEP

Rachel Kruger (Afrigster)
B. MUS. ED. III
Stellenbosch

Ronel van der Merwe (Sopr)
B.A. II
Bellville

Annake Rossouw (Sopr)
B.A. Maatsk. II
Malmesbury

Michelle Wickens (Sopr)
BA (Bedryfsielkunde) I
Saldanha

Mattie Möller (Alt)
B. Comm. III
Carnarvon

Johan Engelbrecht (Ten.)
B.TH. I
Bellville

Wicus Pretorius (Ten.)
B.A. I
Bellville



André Serfontein (Bas)
B. Ing. (Meg.) II
Durbanville

Pieter van Santen (Bas)
B.A. (Teol.) I
Wellington

ATLETE

Hein Punt
M.B. CH. B. I
Caledon

Andries Burger
B. Comm.
Bedryfsekon. Hons.
Bellville

Willem Bekker
B.Sc. I
Kaapstad

Francois Smith
B. Ing. (Elek.) III
Bellville



Chris van Niekerk
B.Sc. Agric.
(Natuurbew.) IV
Riviersonderend

Louwtjie Smit
B.A. (MBK) II
Worcester

Jan van Wageningen
B. Econ. II
George

PERSOONLIKE WERKERS

Hanlie Linde
B.A. Regte II
Wellington

Elizan van Zyl
B. Comm. Best. Rek. III
Oudtshoorn

Mari le Roux
B.A. II
Durbanville

Idelett van Wyk
Maatsk. III
Fraserburg

PROGRAM

BEKENDSTELLING VAN GROEP

Jesus Christus - God se belofte aan die mens

1. **Die belofte**
2. **Mary's boychild**
3. **Thy word**

Samesang: U het die brood gebreek

1. U het die brood gebreek eens by die meer -
   breek nou die lewensbrood vir my ook, Heer.
   Wil steeds u waarheid meer aan my ontvou
   tot ek ook in u Woord my Heer aanskou.

2. U is die lewensbrood, Heiland, vir my.
   U is die Waarheid, Heer, U maak my vry.
   U beeld straal uit die Skrif so helder voort -
   U soek ek, Heer, Uself, o Lewend' Woord.

3. Soos wat u Gees ons lei, wil ons U dien
   met krag en liefde deur Uself voorsien!
   Waar ons gelowig volg, waar U ook lei,
   doen ons die goeie werk deur U berei.

PERSOONLIKE GETUIENIS DEUR GROEPLEDE

Jesus Christus - gekruisig vir die mens

4. **Were you there**
5. **We are the reason**

BOODSKAP DEUR TOERPA: DS. PIERRE MARAIS

Jesus Christus - opgestane Heer

6. **Jesus sy ere**
7. **Nogtans sal ek jubel**

Samesang: Gesang 230 verse 1 en 3

Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het,
sing dankbaar my verlossingslied.
U weet hoe ek na U verlang het -
U het u guns my aangebied.
Ek loof en prys U deurentyd,
ek loof en prys U deurentyd,
en roem u groot barmhartigheid,
en roem u groot barmhartigheid.

O God wat ryk is aan ontferming,
weerhou genade nooit van my,
maar hou my steeds in u beskerming -
by U sal ek vir altyd bly!
Ek loof en prys U deurentyd,
ek loof en prys u deurentyd,
en roem u groot barmhartigheid,
en roem u groot barmhartigheid.

I know where I'm going

I know where I'm going and I know Who's going with me
I know who writes the music in the stillness of the morning
I found a wealth of gold and silver have I plenty
I have a light to guide me when the road is dark and stormy.

Where are you going? Who will walk beside you?
When the night is gloomy where is the light to guide you?
And where's your gold and your silver brightly shining?
Who writes the music in the stillness of the morning?

I'm going where he goes and He'll be there beside me
The love for which He died is all I need to guide me
And He's my gold and my silver brightly shining
He writes the music in the stillness of the morning.

Ek wil U dank Heer vir u liefde en u genade
U is 'n troue leidsman en beskerm my teen gevare
U is die weg en waarheid, die lewe - U is my vrede
Help my om U te volg Heer in 'n wêreld vol probleme
U is 'n sterke rots. Aan U kan ek my lewe gee
Maak my aan U gehoorsaam om te wandel in U weë
U is getrou, regverdig en almagtig
U ken my hart Heer, daarom bid ek om u seën
AMEN

Samesang: Onse Vader

8. **Die seëngroet**

INFORMELE GESPREKSGROEPE

PADLANGS VIR CHRISTUS

"...maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag." - Jes. 40:31

"Sy genade aan my was nie tevergeefs nie..." - 1 Kor. 15:10

ONS SING VIR CHRISTUS

"Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here..." - 2 Kor. 4:5

SPORTS EN ONTSPANNING VIR CHRISTUS

"Hier is Christus alles en in almal" - Kol 3:11

SAAM BYBELSTUDIE VIR CHRISTUS

"Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig..." - Psalm 119:130

TOERPROGRAM

Datum	Oornagdorp	Km	Datum	Oornagdorp	Km
1 Julie	McCARTHYSRUS		10 Julie	FRASERBURG	101km
	HOTAZEL	176km	11 Julie	WILLISTON	93km
2 Julie	KATHU	77km	12 Julie	CALVINIA	120km
3 Julie	POSTMASBURG	76km	13 Julie	VANRHYNSDORP	120km
4 Julie	DOUGLAS	140km	15 Julie	CITRUSDAL	128km
5 Julie	PRIESKA	131km	16 Julie	TULBAGH	140km
6 Julie	VOSBURG	105km	17 Julie	VILLIERSDORP	167km
8 Julie	VICTORIA-WES	105km	18 Julie	STELLENBOSCH	64km
9 Julie	LOXTON	81km			

TOTALE AFSTAND: 1 824km
AFSTAND PER ATLEET: 202,67km/11,9km per dag

TOERKAART



Vir elke R35-donasie kan u Bybelkor help om 10 gevangenes te help om die Woord van God beter te leer ken.

Donasies kan gestuur word aan:

ATLETE VIR CHRISTUS, DIE STUDENTE KJA, POSBUS 275, STELLENBOSCH 7600